17 KONINKRYKSTYD

Jaargang 24 | 6 November 2026

VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER



NG Kerk
Vrystaat

NG Kerk
Vrystaat



Celicia McLean

REDAKTEUR

BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
cmclean@ngkvs.co.za

Lig in die duisternis,
hier vir God, mekaar en die wêreld

FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

ARTIKELSKRYWERS

Suzanne van der Merwe
Andries Gous | Enrico Casaleggio
Mariëtte Odendaal
Leon M Foot | Algemene Sinode NG Kerk SA
CLF | *Kerkbode* | *Bybel-Media* | *LitNet*
Bybelgenootskap SA

KONINKRYKSTYD

Koninkrykstyd breek net ná Pinksterfees aan en strek tot net voor Adventstyd. In hierdie seisoen word God se koninklike heerskappy en handelinge in elke faset van ons lewe en in die wêreld op baie maniere en met verskeie geleenthede gevier. Met Epifanie-, Paas- en Pinksterfees en die seisoene wat daarmee saamval, is ons herinner aan alles wat God ons skenk en het ons dit gevier. Gedurende Koninkrykstyd sit ons hierdie vierings voort en bely ons dat God nie net Koning is van dié wat in Hom glo nie, maar oor die ganse mensdom en skepping regeer.

(@ vars.com)

DAGBOEK DÍT

SINODALE VROUEKONFERENSIE 2027
DANKBAARHEIDSFEES

20 Februarie 2027 | *Leopards & Lace, BFN*

BELANGRIK - tydens die Konferensie gaan daar gestem word vir 'n nuwe Taakspan. Stuur nominasies vir die Taakspan uit jul gemeentes, by wyse van 'n kort CV, na **vrouelidmate@gmail.com**

VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *Vrypos* sal op **Vrydag 20 November** verskyn. Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

INHOUD

VRYPOS-FOKUS 03

BEDIENINGSBEGELEIDING | VBO Netwerk
Suzanne van der Merwe | *Kroniese Kronieke – narratiewe van 'n nuwe normaal:* ***Keuses wat saakmaak***

ARTIKELS 06

06 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | DEGNOS
Andries Gous | *DEGNOS-dinge*

07 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | Islam Getuienisaksie
Enrico Casaleggio | *Satan, Iblis en die oorsprong van die bose: 'n Vergelyking tussen Islam en die Gereformeerde Christelike tradisie*

10 | **BEDIENINGSBEGELEIDING** | VBO Netwerk
Louwrens Scheepers | *Deernisvolle Kommunikasie: Hoe leef en praat ons met mekaar?* ***Artikel 3:*** *Die wêreld waarin ons leer leef het*

11 | **BEDIENINGSBEGELEIDING**
Mariëtte Odendaal | *Dr Leon M Foot – 'n lewe in diens van die evangelie en die kerk*

14 | **ALGEMEEN**
Mariëtte Odendaal | *Ná jou stembrief – die werk begin nóú*

MEDIATEEK 15

Resensent: **Leon M Foot** (**6 November 2026**)
Neels Jackson: ***Drie dekades van verandering - die NG Kerk se pad van verruiming***
(Uitgewer: NB-Uitgewers)

VERJAARSDAE 17

EKOLOGIE 18

Mariëtte Odendaal | *Die waarde van afval*

AKTUEEL | ALGEMEEN 19

19 | Die Algemene Sinode van die NG Kerk SA
20 | Advertensies

OPLEIDING 22

KERKBODE BROKKIES 23

PUBLIKASIES 24

WAT'S NUUS? 25
KALENDER
VAKATURES/AFLOSLYS
PREDIKANTENUUS

'N LAASTE GEDAGTE 26

Dr Leon M Foot | *Wat op aarde sing jy?*

KONTAK ONS 28



Kroniese Kronieke

narratiewe van ’n nuwe normaal

BEDIENINGSBEGELEIDING
VBO Netwerk
Dr Suzanne van der Merwe

Keuses wat saakmaak

Hierdie *Vrypos*-artikel sluit aan by Kroniese Kronieke se werk rondom selfbestuur, ondersteuning deur versorgers en professionele persone asook die werk- en gemeenskapsruimtes waarin mense met kroniese siekte leef.

Binne Kroniese Kronieke se waardegedrewe raamwerk word wetenskaplike kennis en persoonlike verhale saamgelees: kennis help ons om siekte te verstaan; verhale wys hoe mense daarmee leef.

*Jou reis met **kroniese siekte** is ons prioriteit*

Dr Suzanne van der Merwe, Besigheidshoof en woordvoerder van Kroniese Kronieke, in samewerking met **Matilda Swanepoel,** navorsingsdeelgenoot van Kroniese Kronieke.

Die kalender is reeds propvol. Boonop is daar bloedtoetse, ’n opvolgafspraak met die rumatoloog en medikasie wat afgehaal en vir die week verpak moet word. Die werk wag en die huishouding moet ook aangaan. Jy kyk na die week en probeer uitwerk hoe jy alles gaan inpas. Dan tref ’n vraag jou: Wat bly vir my oor tussen die gewone gang van die lewe en die eise van kroniese siekte?

Lees meer »

NG Kerk
Vrystaat

MOOIGENOEG

KAMPTERREIN / CAMPING GROUND

Bloemfontein







SKELETON STAFF

from 9 Dec till 12 Jan.

PRICES for 2026

Accommodation without bedding	R135.00	per night per person
Day visitors (08:00-17:00)	R110.00	per person per day
Accommodation: Chalets		
1 person	R 330.00	per unit per night
2 persons	R 600.00	per unit per night
3 persons	R 880.00	per unit per night
4 persons	R 1100.00	per unit per night
Kitchen	R 700.00	per day
Kitchen	R 1100.00	per day (near hall for functions)
Big hall	R 1200.00	per day (when group sleeps over)
	R 5500.00	per day (functions)
Olienhout + Kitchen	R 3300.00	per day (functions)
Caravan	R 160.00	p/day per stand











INQUIRIES AND RESERVATIONS:

(051) 406 6700

EMAIL - ontvangs@ngkvs.co.za

www.toibo.org.za

KINDERVREUGDE

HELP ONS ASSEBLIEF SODAT 494 KINDERS WAT MAALTYE BY DIE SKOLE NUTTIG, OOK VOEDSEL OP DIE TAFEL HET GEDURENDE DIE FEESTYD

GESKENK VAN HOOP

SKENK NIE-BEDERFBARE VOEDSEL VOOR

10 NOVEMBER 2026 | **LYS BESKIKBAAR**

TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS

TEL & WHATSAPP
076 143 6961

ABSA TJEKREK NR
020 840 145
VERWYS: VM





DEGNOS-dinge

VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
Andries Gous

Liewe vriende van DEGNOS

Versoening, evangelisasie en getroue ondersteuning

Die werk van DEGNOS in die noordooste van Namibië het die afgelope tyd besondere vrug gedra. Terwyl DEGNOS-verteenwoordigers ondersteunende gemeentes en vriende in Suid-Afrika besoek het, het die bediening in Namibië onverpoosd voortgegaan. Verhale van versoening, suksesvolle jeug-uitreike en jarelange vennootskappe het opnuut van die Here se getrouheid getuig.

Versoening bring nuwe hoop in !Kandu

Ds Jafet Moyo het vanuit Omatako berig dat die plaaslike biduurgroep die !Kandu-habitat, ongeveer 15 km van Omatako af, besoek het. Tydens 'n Saterdagoggendbyeenkoms het daar iets besonders gebeur toe gemeenskapslede, wat ondanks gereelde kerkbywoning steeds onderlinge konflik beleef het, mekaar om vergifnis gevra en versoening gesoek het. Verskeie persone het hulle ook opnuut aan Jesus Christus toegewy.

Die gebeurtenis is deur die DEGNOS-span as 'n wonderwerk en 'n besondere getuienis van God se vernuwende werk in mense se lewens beskryf. Die gemeenskap is egter ook deur hartseer getref ná die skielike en onverklaarbare afsterwe van die 24-jarige seun van Johannes, een van DEGNOS se onderwysers. Voorbidding word vir Johannes en sy familie gevra. Intussen het die Sondagskool-kinders, onder leiding van ousie Ivette, 'n suksesvolle evangelisasie-uitreik na die koshuisleerders van die skool op Omatako onderneem. Die uitreik het aan die kinders die geleentheid gebied om self aktief by die verkondiging van die evangelie betrokke te raak.

Meer as 2 300 kinders met die evangelie bereik

Die jeugwerkers van Child Evangelism Fellowship (CEF) en DEGNOS het gedurende 'n besondere uitreikweek verskeie skole besoek. Volgens CEF se statistiek is meer as 2 300 kinders gedurende dié week met die Goeie Nuus van Jesus Christus se geboorte bereik.

Lees meer »

iSLAM

VENNOTE IN GETUIENIS
Islam Getuienisaksie
Dr Enrico Casaleggio

Satan, Iblis en die oorsprong van die bose: ’n Vergelyking tussen Islam en die Gereformeerde Christelike tradisie

Die figuur van Satan speel ’n belangrike rol in beide Islam en die Christendom. Albei godsdienste erken dat daar ’n persoonlike bose mag bestaan wat mense van God probeer wegtrek. Tog verskil die verklarings oor Satan se oorsprong op belangrike punte. Hierdie verskille bied interessante geleenthede vir gesprek tussen Christene en Moslems, omdat dit raak aan fundamentele vrae oor gehoorsaamheid, sonde, genade en menslike verantwoordelikheid.

Die Islamitiese verstaan van Satan

In Islam staan Satan bekend as *Iblis* of *Shaytan*. Die belangrikste verhaal oor sy oorsprong word in verskeie gedeeltes van die Koran vertel. Volgens die Koran het God Adam geskep en die engele beveel om voor Adam neer te buig as erkenning van God se skeppingswerk. Al die engele het gehoorsaam, behalwe Iblis.

Iblis het geweier omdat hy homself beter as Adam geag het. Sy argument was dat hy uit vuur geskep is, terwyl Adam uit klei gemaak is. Uit hoogmoed en trots het hy God se opdrag verwerp. Hiervoor het hy God se guns verbeur. Tog het hy toestemming gevra om die mensdom tot die *Dag van Oordeel* te versoek, en hierdie versoek is toegestaan.

’n Belangrike stukkie detail is dat Islam nie Iblis as ’n gevalle engel verstaan nie. Die meeste Moslem-geleerdes beskou hom as een van die *jinns*, geestelike wesens wat deur God uit vuur geskep is. Anders as engele, het *jinns* vrye wil en kan hulle kies om God te gehoorsaam of te verwerp. Iblis se sonde was dus ’n doelbewuste daad van ongehoorsaamheid.

Vir Moslems is die kern van die verhaal nie soseer die oorsprong van die bose nie, maar die gevaar van hoogmoed. Die eerste sonde was trots: die weiering om God se wil bo eie aansprake te stel.

Die Gereformeerde Christelike verstaan van Satan

Die Gereformeerde tradisie stem saam dat Satan ’n geskape wese is en nie ’n mag is wat gelykstaan aan God nie. God alleen is ewig, almagtig en die Skepper van alle dinge.

Die Bybel gee egter minder besonderhede oor Satan se oorsprong as wat baie mense vermoed. Daar is geen enkele teks wat die volle verhaal vertel nie. Gereformeerde teoloë gebruik gewoonlik gedeeltes soos Jesaja 14, Esegiël 28, Lukas 10:18, Judas 6 en Openbaring 12 om die gevolgtrekking te maak dat Satan oorspronklik ’n goeie engel was wat teen God gerebelleer het.

Volgens hierdie verstaan was Satan deel van God se goeie skepping. Hoogmoed het egter tot sy val gelei. Hy wou nie sy plek as skepsel aanvaar nie en het teen God in opstand gekom. Saam met hom het ander engele geval en demone geword.

Die Gereformeerde tradisie beklemtoon dus dat boosheid nie deur God geskep is as ’n afsonderlike mag nie. Boosheid ontstaan wanneer geskape wesens hulle van God af wegkeer. Satan word daarom nie as die teenoorgestelde van God gesien nie, maar as ’n gevalle skepsel wat aan God se soewereiniteit onderworpe bly.

Lees meer »

’n Reeks Islam-artikels. Hierdie artikel handel oor handel oor hoe Christene en Moslems verskil oor wie Satan is en hoe Christene dit kan gebruik in gesprek met Moslems.



Barend Wessels
Gedenksentrum







MEENTHUISE
TE HUUR

Barend Wessels Gedenksentrum is 'n behuisingskompleks in Bloemfontein wat uit meenthuise bestaan en is sentraal geleë naby winkelsentrums. Dié meenthuis-kompleks is nie 'n aftree-oord nie en ook nie diere-vriendelik nie.

HUURBEDRAG

R8,380 / MAAND

MEENTHUIS SE LIGGING

NP van Wyk Louwstraat,
Langenhovenpark, BFN, 9301

KENMERKE

2 Slaapkamers

1 Badkamer

1 Motorhuis

110 m²

KONTAK ONS VIR MEER INLIGTING ngkerkvrystaat.co.za ontvangs@ngkvs.co.za (051) 406 6700

PAIDION KINDERBEDIENING

Sedert 1996

PAIDION KINDERBEDIENING CHILDREN'S MINISTRY

KINDERKERK- / KATEGESE- / SONDAGSKOOLMATERIAAL

Bybelgetroue materiaal vir elke ontwikkelingsfase

Peuters (2–3 jr), Kleuters (4–5 jr of 2 jr voor laerskool), Juniors (gr 1–3) & Seniors (gr 4–6)









- Nie boeke nie. Los e-blaaie
- Baie bekostigbaar
- Dieselfde prys as in 2022
- Geen versendingskoste
- Onmiddellik beskikbaar
- Vinnige bestelprosedure
- Teologies & opvoedkundig verantwoordbaar
- Die Juniors se Pretblaaie is klaar hersien en bygewerk
- Die Kleuters se Handboek en Aktiwiteitblaaie van Siklus 1 word tans hersien en vereenvoudig. Bestelbaar teen einde Oktober.

Skandeer QR-kode om aanlyn te bestel

EENJARIGE KORRESPONDENSIEKURSUS

Vir persone wat kinders bedien en opvoed of sommer net vir kinders liefhet

Geen eksamens nie
Net take en prakties

- Baie bekostigbaar
- Dieselfde prys as in 2022
- Bybelgetrou
- Praktykgerig
- Professioneel
- Afslag vir vroeë en groepinskrywings

Skandeer QR-kode om aanlyn in te skryf

WERKSWINKELS & KONSULTASIES

Werkswinkels oor die kind en kinderbediening aan gemeentes en skole en kinderbedieningkonsultasie aan gemeentes word deur dr. Leon van Zyl aangebied.



Navrae, bestellings & inskrywings:

082 574 0708 | paidion@paidionweb.co.za | www.paidionweb.co.za

BEDIENINGSBEGELEIDING
VBO Netwerk
Ds Louwrens Scheepers

Deernisvolle Kommunikasie
Hoe leef en praat ons met mekaar?



Foto: *Canva*

Artikel 3
Die wêreld waarin ons leer leef het

In die vorige artikel het ons ontdek dat my woorde gebore word uit 'n wêreld binne-in my — **'n *operating system* (OS) van stories, aannames en aangeleerde patrone.**

Maar hier is die volgende ontdekking:

Ek het daardie wêreld nie alleen geskep nie.

Ek het grootgeword binne 'n gesin, 'n skool, 'n kerk, 'n gemeenskap en 'n samelewing. Lank voordat ek oud genoeg was om daaroor na te dink, het hierdie wêreld my reeds geleer hoe mense veronderstel is om met mekaar saam te leef.

Dink vir 'n oomblik terug aan jou eie grootwordjare.

- Wat het gebeur wanneer jy gedoen het wat van jou verwag is?
- En wat het gebeur wanneer jy dit nié gedoen het nie?

Dalk was daar 'n goue sterretjie, 'n kompliment of 'n "Mooi so!" wanneer jy goed gevaar het.

En wanneer jy verkeerd opgetree het?

Straf. 'n Pak slae. Voorregte wat weggeneem is. 'n Kwaai onderwyser, 'n teleurgestelde ouer — of bloot daardie kyk wat jou laat weet het: *Ek is nie gelukkig met jou nie.*

Ons het geleer dat sommige gedrag beloon en ander gedrag gestraf word. En ons het 'n taal daarvoor geleer:

Reg of verkeerd. Goed of sleg. Gehoorsaam of ongehoorsaam. Hardwerkend of lui. Skuldig of onskuldig.

Dit beteken nie dat ons ouers, onderwysers of kerkleiers slegte mense was nie. Hulle het meestal self binne dieselfde wêreld grootgeword. Maar stadigaan leer ons 'n bepaalde logika:

- **Iemand weet wat reg is.**
- **Iemand anders behoort dit te doen.**

Lees meer »

Dr Leon M Foot

'n lewe in diens van die evangelie en die kerk

Foto: *Verskaf.*



Daar is mense wat nie altyd op die voorgrond staan nie, maar wie se werk agter die skerms help verseker dat 'n organisasie funksioneer. Hulle weet dat deeglike voorbereiding, noukeurige notulering, goeie kommunikasie en die vermoë om met mense saam te werk, net so belangrik is soos die besluite wat uiteindelik geneem word. Dr Leon M Foot is een van daardie mense.

Hy is 'n teoloog met akademiese diepgang, 'n predikant wat verstaan dat verhoudings belangriker as kennis alleen is, en 'n kerkleier wat glo dat die evangelie 'n mens se lewe hiér en nóú moet verander.

Aan die einde van Oktober tree Leon af as Predikant in Sinodale Diens (PSD) van Bedieningsbegeleiding by die NG Kerk Sinode Vrystaat. Daarmee kom 'n belangrike hoofstuk in 'n lang loopbaan van gemeentelike bediening, teologiese nadenke en kerklike dienswerk tot 'n einde. Tog is dit nie 'n volledige afskeid nie: hy sal steeds as skriba van die moderamen se dagbestuur aanbly en sy kennis en ervaring tot diens van die kerk stel.

'n Geloof wat in verhoudings gestalte kry

Leon is in 1961 in Kaapstad gebore en het in die suidelike voorstede grootgeword. Sy ouers se voorbeeld van diensbaarheid en sy vroeë blootstelling aan die kerk het 'n belangrike rol in sy geloofsvorming gespeel.

Alhoewel hy aanvanklik in 'n wetenskaplike rigting belang gestel het, het die oortuiging om predikant te word reeds in sy hoërskooljare posgevat. So het 'n loopbaan begin waarin akademiese verdieping en praktiese bediening hand aan hand sou loop.

Hy het aan die Universiteit Stellenbosch 'n BA (Admissie), BTh en Lisensiaat in Teologie verwerf, gevolg deur 'n MTh in Kliniese Pastoraat. In 2013 het hy sy PhD in Praktiese Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat behaal. Sy doktorale navorsing het gefokus op wit NG Kerk-lidmate se sienings oor apartheid en hul ervarings van die lewe ná apartheid.

Hierdie navorsing het sy insig in mense en hul ervarings verdiep. Hy lees wyd, veral biografieë en outobiografieë, omdat hy glo dat mense se omstandighede mag verskil, maar dat hulle dikwels met soortgelyke vreugdes, pyn en uitdagings worstel.

Lees meer »

Hallo!

Kom ons maak 'n *verskil saam!*



UCSA VCSV

TRANSFORMING LIVES
VERANDER LEWENS

Ek is *Nina-Mari Hamman,*

- ds Cobus Hamman (leraar van NG Gemeente Bainsvlei) se dogter.
- Ek studeer tans in **Potchefstroom.**
- Ek is die leidster van die VCSV se **Buffelsbaai Stranddiens** vir hierdie jaar.

Ek is baie opgewonde om hierdie geleentheid aan te gryp!

OM STRANDDIENS MOONTLIK TE MAAK HET ONS BORGE NODIG.

ONS PROGRAMME

POPPEKAS
Kreatief, pretvol en boeiend vir alle ouderdomme.

KOFFIEKROEG
'n Vriendelike ruimte vir goeie gesprekke.

SPORT
Bou vriendskappe en geniet sport saam.

BYBELSTUDIE
Groei in geloof deur God se Woord.

SPELETJIES & AKTIWITEITE
Vir almal om te geniet.

Die VCSV stuur jaarliks spanne na vakansie-oorde regoor SA om die evangelie van Jesus Christus te bedien.

Ons span van ±14 vrywilligers lewer uitreikdiens in Buffelsbaai vanaf **12 Desember 2026 tot 2 Januarie 2027.**

Ons vra vir u ondersteuning met finansies, produkte of ander hulpbronne.

Sien aangeheg ons bankbesonderhede en lys van produkte / dienste wat ons benodig.

Baie dankie vir u aandag en bydrae!

VIR MEER INLIGTING

Kontak Dawn by dawn@vcsv.co.za of skakel Antoinetta Breytenbach by 082 773 7062.

BANKBESONDERHEDE

NG Kandelaar Potchefstroom
ABSA
Rek nr : 9277804135
Verw (Ref) : Buffelsbaai + Donasie
Bewys van betaling :
Christian.botha2005@gmail.com of ninamari05hamman@gmail.com

Vriendelike groete

Christian Botha & Nina-Mari Hamman
Spanleiers van die Buffelsbaai Vakansiedienstespan
Desember 2026 tot Januarie 2027

Christian.botha2005@gmail.com
ninamari05hamman@gmail.com
063 812 6349 | 060 971 1750

U ONDERSTEUNING – FINANSIEEL, MET PRODUKTE OF HULPBRONNE – *maak 'n verskil!*
Kom saam met ons om die evangelie te leef en uit te dra.

021 887 0212 | info@vcsv.co.za | 32 Ryneveld Str. Stellenbosch, Western Cape 7599

Jeugfokus Kategese

Volledige katalogus vir 2027









2027

BM BYBEL-MEDIA

jeugfokus

www.bybelmedia.org.za

Ná jou stembrief - *die werk begin nóú*

ALGEMEEN
Mariëtte Odendaal

Op Woensdag 4 November het Suid-Afrikaners in massas na ons plaaslike stemlokale gestroom om ons demokratiese stemreg te gaan uitoefen in die verkiesing van ’n verteenwoordiger en proporsionele verteenwoordiging in ons plaaslike munisipaliteit.

As Christene is dit belangrik om te besef dat 'n verkiesing meer is as net 'n politieke gebeurtenis; dit is 'n geleentheid vir ons as burgers om inspraak te lewer in die toekoms van ons gemeenskappe.

Ons demokratiese verantwoordelikheid eindig egter nie by die stembus nie.

Wanneer die uitslag nie is waarop jy gehoop het nie

Dit is nie maklik as jou voorkeurparty nie die paal gehaal het nie. Jy voel teleurgesteld, bekommerd en depressief oor die toekoms en dalk selfs baie kwaad en moedeloos.

Tog vra demokrasie dat ons die uitslag respekteer, ander se keuses erken en nie toelaat dat politieke verskille verhoudings en gemeenskappe verskeur nie.

En daarvoor het ons sterk leierskap nodig – mense wat met ’n versoenende gees ons gemeenskappe kan saambind en met entoesiasme en geesdrif verwaarloosde sake kan aanspreek – ’n geweldige uitdaging.

Ons het die afgelope paar jaar talle voorbeelde in Vrypos gelees oor hoe plaaslike mense juis dit begin doen en saamstaan het; geroep om vredemakers te wees, selfs wanneer ons verskil.

Christelike eenheid beteken nie politieke eenvormigheid nie. Ons kan verskil oor politieke oplossings, maar steeds saamstaan rondom ons geloof, waardes en roeping.

Ons verantwoordelikheid eindig nie by die stembus nie

As Suid-Afrikaners het ons nie eintlik ’n kultuur om as stemgeregtigdes munisipale rade se werk en besluite te monitor nie; ons laat dit dikwels gelate oor aan ons verteenwoordigende raadslid en weet meestal nie eens wie dit is nie.

Lees meer »



Foto: *Canva*

KOM, LEES

Resensent: Dr Leon M Foot | 6 November 2026

Drie dekades van verandering:
die NG Kerk se pad van verruiming

Neels Jackson
(NB-Uitgewers)

"Insiggewend ... Jackson verswyg nie die kerk se foute nie, maar op sy sagte, redelike manier oortuig hy jou daar is nog 'n toekoms vir die kerk."

– **Dana Snyman**

Voor 1990 was die NG Kerk, soos die Nasionale Party, 'n groot en bestendige deel van die Afrikaanse landskap. Maar oor die laaste drie dekades het die kerk en sy rol ingrypend verander. Daar is nou vroue op die kansel, verskillende spiritualiteite binne die kerk en breër verhoudings met ander kerke. Met voortslepende tweespalt oor kerkeenheid en ander verdelende kwessies soos die gaydebat, teologiese opleiding en dalende lidmaatgetalle is die NG Kerk vandag glad nie meer die onaantasbare, Nasionale-Party-in-gebed wat dit eens was nie. Neels Jackson, bekende skrywer en kerkverslaggewer van byna 30 jaar, beskryf dié prosesse vanuit sy posisie in die binnekring van die kerk en vra wat moet die kerk dan doen en wees vandag? Op die ou end bly dit die toets vir enige kerk: in watter mate is haar lidmate volgelinge van Christus deur wie die wêreld iets van God se liefde kan beleef?

Hierdie lesersindruk is uit eie beweging geskryf en aan *LitNet* gestuur.

Die afgelope jare het talle boeke oor die NG Kerk verskyn, waaronder werke deur Jean Oosthuizen, Ben du Toit en Frits Gaum. Jackson se boek onderskei hom egter deur sy meer positiewe, persoonlike blik op die kerk se geskiedenis.



Oorgeneem uit Kerkbode

Jackson se boek bied 'n toeganklike en persoonlike blik op die NG Kerk se ontwikkeling tussen 1990 en 2020. Hy bespreek omstrede kwessies soos apartheid, vroue in die kerk en homoseksualiteit. Hoewel die boek waardevolle insigte bied, skets dit soms 'n té positiewe beeld van die kerk se hervormings. Tog is dit 'n boeiende en aanbevelenswaardige publikasie.

Deur dr Leon M Foot
PSD: Bedieningsbegeleiding
Mediateek

MEDIATEEK **INVENTARIS**

Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor

Navrae | **Anelia van den Blink**
kuratorium@ngkvs.co.za

DOEN JY ADMINISTRASIE? **HIERDIE IS VIR JOU!**

ALLE SKRIBAS | GEMEENTEBESTUURDERS | KERKKANTOORPERSONEEL
NUWE PERSONEEL

SKRIBA OPLEIDING?



TERTIUS BOTHA

Fasiliteerder

NG Kerk Vrystaat

'n Opvolgkursus waar ons kyk na wat alles na die Argief gestuur moet word en hoe om daardie inligting te verwerk en deur te gee. Ons kyk ook oorsigtelik na die werksaamhede van die Sinodale kantoor, die POPI-wetgewing, die Kerkorde, die opstel van agendas en skryf van notules en die Bydraes vir Gesamentlike Werksaamhede.

26 NOV • R150

SINODALE KANTOOR | 09:00

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, BFN, 9301 | Inskrywings sluit 23 November

VIR MEER INLIGTING (051) 406 6700 tbotha@ngkvs.co.za

VERJAARSDAE



VEELS GELUK

ngkerkvrystaat.co.za

Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

NOVEMBER

Ds Marthiens Heymans BLOEMVALLEI	08	
Dr Leon Oosthuizen LANGENHOVENPARK	09	
Dr Jan de Man VILJOENSDRIF/TAAIBOSSPRUIT	12	
Mev Naomi Sereeco MOOIGENOEG KAMPTERREIN	12	
	12	Dr Gretha Heymans FAURESMITH
	13	Ds Fanus Coetzee SENEKAL
	16	Ds Gerrit Strydom REITZ

- lekker verjaar -

EKOLOGIE



BEDIENINGSBEGELEIDING
Ekologie Netwerk
Mariëtte Odendaal

Die waarde van afval

Wanneer ons, sonder om verder te dink, dinge weggooi wat hergebruik of herwin kon word, mors ons nie net produkmateriaal nie, maar ons demonstreer ook dat ons nie omgee wat daarvan word nie.

Hoeveel respek het ons vir ons omgewing?

Jy word sommer warm onder die kraag as jy sien hoe iemand hier reg voor jou 'n leë kartonbekertjie by sy motorvenster uitgooi. Ry jy daarna oor 'n brug en sien hoeveel plastiek in die rivier dryf, wil jy naar word.

Behalwe om by die stembus te probeer sorg dat die regte mense verkies word om jou dorp of stad te bestuur, het ons as Christene ook die verpligting om dié kosbare planeet waarop ons woon, as skepping van God wat aan ons sorg toevertrou is, te respekteer en te bewaar.

Elke blikkie, plastiekbottel of stuk papier wat weggegooi word, vertel 'n verhaal.

Lees meer »

AKTUEEL EN ALGEMEEN

Nederduitse Gereformeerde Kerk
Een Liggaam en Een Gees



Anti-Korrupsie Verklaring

Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK)

Die NG Kerk het in Mei 2026 saam met die VGKSA die Anti-Korrupsie Verklaring van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) onderteken.

Alreeds in November 2025, het hierdie ASM die volgende hoofpunte vir ons eie kerklike gesprek oor korrupsie gestel.

Lees



Bevordering en Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdienstige en Taalkundige Gemeenskappe (CRL-kommissie)

Reaksie deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk

In Augustus 2015 het die ondersoek plaasgevind na aanleiding van 'n aantal mediaberigte oor verdagte of onbehoorlike praktyke deur verskeie pastore en kerke.

Lees



ASM: Verslag en besluite ná afloop van 'n feitesending na die Midde-Ooste

ASM

Die ASM het in Oktober vanjaar op uitnodiging van *Churches for Middle East Peace Peace* (CMEP) 'n afvaardiging na Palestina, Jordanië en Israel gestuur. Die afvaardiging het 'n volledige verslag gebring, waarna die ASM bepaalde besluite geneem het.

Lees


God se kinders in God se Wêreld
KOOP NOU!


NEW
OPEN RESOURCE
https://clf.co.za/open-resource/word-worship-year-b-2026-2027-2/
CLF PUBLISHERS UITGEWERS


LEWENDE GELOOF
met Ferreira Marais
NUWE DROME
met Neil Büchner
JESUS U IS HIER
met Neil Büchner
AS EK EERLIK IS
met Deon Meiring
akkoord
akkoord deur BYBEL-MEDIA


engo
JACO JACOBS
Jy is 'n Wens
R75 per boekie.
www.engo.co.za


NOVEMBER IS
Kersmark Maand
Kom kuier saam ons by:
EUNICE KERSMARK
29 OKT - 7 NOV
NAMPO KERSMARK
6 - 7 NOV
Franse Mark
SATERDAG 30 NOV 24
VILLA AVIANTO FRANSE KERSMA
21 NOV
engo


engo
NOU BESKIKBAAR
OLIVIA / ENGO 2027 DAGBOEKE
A4 (2 ONTWERPE) HARDEBAND DAGBOEK, VOLKLEUR KUNS BINNE/BUITE
R475
A5 (2 ONTWERPE) HARDEBAND DAGBOEK, VOLKLEUR KUNS BINNE/BUITE
R350
Tweetalig (Afrikaans en Engels) | Half-uur afsprake
Jaarbeplanner 2027 & 2028 | Pragtige kunswerke deur Art de Olivia
Inspirasie boodskappe per maand
KOOP NOU!
Verseker jou dagboek vir 2027!


LAAI DIE NUUTSTE WEERG
VAN JOU BYBEL-APP
Gebruikers wat probleme met die Die Bybel: 2020-vertaling apps ondervind het, insluitend die weergawes met hoofletters en Deuterokanonieke boeke, word vriendelik versoek om die nuutste weergawes af te laai wat nou korrek werk. Baie dankie vir u geduld.
www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika


Christmas
Bible sale
VALID FROM 1 OCTOBER UNTIL 11 DECEMBER 2026
SESOTHO
1909 TRANSLATION
ONLY R252
Save 45%
SLEGS R252
Spaar 60%
www.biblesociety.co.za
bible society of south africa
www.bibleshop.co.z


ouditorium te huur
BYBELHUIS BLOEM
Ons wêreldklas ouditorium kan gehuur word
Billike fooie
Veilige parkering
Klank en beeld
Privaat of besigheid
BESPREEK NOU
051-4445980
elrika@biblesociety.co.za
220 Nelson Mandela Rln

CLF OPEN SOURCE

















































Available in English & Afrikaans













Available in English & isiXhosa

https://clf.co.za/open-resource-library/ info@clf.co.za

OPLEIDINGSGELEENTHEDE





13 November

5 VBO-punte

Generasie Alpha en Geloof. *Fuller Youth Institute*



17 November

5 VBO-punte

Vyf maniere om te sê: "Ek is jammer" met prof Wentzel Coetzer



Jaarkursus 2027

55 VBO-punte

Gefokus op kinders en jongmense met prof Wentzel Coetzer



Jaarkursus 2027

55 VBO-punte

'n Brug tot 'n nuwe seisoen in jou lewe met prof Wentzel Coetzer



25 Nov - 8 Des

Waypoint

Botswana-uitreik 2026. Finale betalings teen 17 November



27 - 31 Jan 2027

Kougom 2027

Mooigenoeg Kampterrein, BFN
Navrae: info@kopanongchurch.org

KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

kerkbode BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



Algemene Sinode Moderamen vergader in Gauteng: Skrywer kom getuig oor verwonding en genesing toe kerkleiers oor geweld in Suid-Afrika besin

5 November 2026
Kerkbode, Nuus
Le Roux Schoeman



Skhokho-brugjaar: 122 slaggate en 'n storie van 'n tweede kans

5 November 2026
Kerkbode
Artikels
Heléne Meissenheimer



Tutela: Só kan ons saam die kerk se barmhartigheids-roeping volg

3 November 2026
Kerkbode
Nuus



Elders gesien

Praatjies by dosyne ná PredikanteSAAMkoms op Goudini

3 November 2026
Kerkbode
Video, Gesels saam
Adriaan Labuschagne



Verslag ná feitesending: 'Ons het mense ontmoet wat ondanks alles weier om vyande te wees'

31 Oktober 2026
Kerkbode
Verklarings



Verklaring rakende Algemene Sinode se feitesending in Midde-Ooste

30 Oktober 2026
Kerkbode
Verklarings

Google Play kerkbode.christians.co.za App Store

Bybel-Media



Jaarboek 2027

R399

SPESIALE AANBOD tot 30 November 2026. Bestellings kan geplaas word per e-pos by **bestel@bmedia.co.za** Vir die Jaarboek-bestelvorm, **klik hier**. Die Jaarboek is ook as aanlyn digitale weergawe beskikbaar. Besoek gerus **www.missio.org.za**

Die Jaarboek bevat die sinodale, rings-, gemeente- en predikante-inligting van die NG Kerk, NG Kerk in Afrika, *Reformed Church in Africa* en familiekerke in die buiteland. Jaarboek van die NG Kerke 2027 verskaf al langer as 170 jaar belangrike inligting oor die NG Kerk-familie aan predikante, kerkkantore en lidmate. Bybel-Media, uitgewer van die *Jaarboek van die NG Kerke*, wil ook met hierdie publikasie gestalte gee aan sy leuse: Vennoot in geloof en bediening.



Nuutgemaak (Studiegids)

R160

'n Bybelstudie vir sewe weke uit die Evangelie volgens Lukas. Kyk met nuwe oë na Jesus en die wêreld. Nuutgemaak Studiegids neem jou na 'n dieper ontmoeting met Jesus, laat jou God se teenwoordigheid in jou verhaal raaksien en met nuwe oë na die wêreld kyk. Elke week se sessie help jou om die historiese wêreld van die Bybel beter te verstaan; die dieper betekenis van Lukas se verhaal te ontdek; jou geloof met die uitdagings van die lewe vandag te verbind en betekenisvolle geloofsgesprekke te voer. Mag hierdie gesprekke oor Jesus soos ons Hom deur Lukas se oë leer ken jou nader aan sy hart bring. *Want wanneer jy Jesus ontmoet, word alles nuut.*



Nuutgemaak (Gespreksgids)

R110

'n Bybelstudie vir sewe weke uit die Evangelie volgens Lukas. Kyk met nuwe oë na Jesus en die wêreld. Nuutgemaak neem jou na 'n dieper ontmoeting met Jesus, laat jou God se teenwoordigheid in jou verhaal raaksien en met nuwe oë na die wêreld kyk. Volg sewe sleutelbewegings in Jesus se lewe uit die Evangelie volgens Lukas. Elke week se byeenkoms sal jou help om jou geloof met die uitdagings van die lewe vandag te verbind en betekenisvolle geloofsgesprekke te voer. Mag hierdie gesprekke oor Jesus soos ons Hom deur Lukas se oë leer ken jou nader aan sy hart bring.

WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

Gemeente**gebeure**

Kalender | Belangrike datums

KALENDER

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer **hier**

VAKATURES

AFLOS

kerkbode

Interaktiewe **Dagboek**

Deel jou dagboek hier

DAGBOEK

VAKATURES

vakatures@tydskrifte.co.za

AMPTELIK

kerkbode@tydskrifte.co.za

AMPTELIKE PREDIKANTENUUS

KENNISGEWING | **Ds Gideon Lamprecht** is vanaf Sondag 1 November 2026 by die Sinodale Kantoor, Bloemfontein werksaam as PSD: Bedieningsbegeleiding, NG Kerk Vrystaat. Vir enige navrae, kontak hom gerus by **bedieningsbegeleiding@ngkvs.co.za**

BEDANKING | **Ds Louwrens Scheepers** het tydens 'n spesiale kerkraadsvergadering gehou op 5 Oktober 2026, die kerkraad ingelig dat sy kontrak nie verleng moet word nie. Sy kontrak verstryk op 31 Januarie 2027 na 'n termyn van twee jaar. Hy het met die kerkraadsvergadering van 18 Oktober 2026 sy voorneme bevestig om sy kontrak te beëindig.



HULPBRON OPGEDATEER: SÓ WERK AMPTELIKE NUUS OOR PREDIKANTE WAT SKUIWE

Deur Kerkbode / 3 Julie 2025 / Amptelik

ANDER SINODALESTREKE SE NUUS



Foto: *Dr Leon M Foot (verskaf)*

Wat op aarde sing jy?

ALGEMEEN
Skriba van die Moderamen
Dr Leon M Foot

Loof die Here al wat lewe,
wil Hom dank en hulde bring.

Hy het al ons skuld vergewe,
ons ’n nuwe lied laat sing.

Ons het alle rede om te sing – selfs al kan jy nie (behoorlik) sing nie! *Soms wil ek net jubel* (FLAM 40) as ek die evangelie hoor. *Soms kom daar ’n stilte oor my lewe as ek kniel, maar soms breek dit uit in lofsang en dit vul my moedelose siel.*

Maar dan moet ons mooi sing. Ek bedoel nie mooi mooi nie – sommige van ons is maar effe van die noot af – maar mooi soos in korrek, reg, Bybels. Goeie teologie gee geboorte aan goeie liedere. En goeie liedere bou goeie teologie in menseharte: *voordat ek kon kies, kon vra, het U Seun my vloek gedra* (Ges 190:2). Dis mos onverdunde evangelie om met oorgawe te sing.

Die teendeel is net so waar. Swak teologie laat jou slegte goed sing. Nee, die hemel is nie ’n plek op aarde nie, al sing Belinda Carlisle dit met oorgawe. En nee, jou pasafgestorwe geliefde is nie nou ’n engel in die hemel nie, al klink dit so troosryk. En ja, jy mag maar met leë hande gaan. Christus het reeds die volle prys betaal.

Dis lekker om te sing: Môre sal die son weer skyn. Ons wil dit almal so hê. Maar ons sing tog ook Al sou dan ook ... Hoe dan nou?

Gemeentes sukkel al meer sonder begeleiers en verlaat hulle al meer op YouTube opnames en die klompie liedere wat hulle reeds ken. Hoe groot is jou gemeente se liedereskat? Hoeveel liedere sing julle gereeld? Vyftig, ’n honderd, twee honderd? Die Liedboek alleen bevat meer as ses honderd liedere! ’n Kollega vertel my vroeër die week: As ons vir FLAM en VONKK by tel, het ons 2089 liedere om met vrymoedigheid te sing. 2089! Hoeveel ken jy?

Lees meer »


Saai die saad
en help iemand groei deur hulle 'n Bybel in hul eie taal te gee. Koop direk by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en kry
30% korting
'n Bybel vir elkeen
Vir navrae kontak sales@biblesociety.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika



KONTAK ONS

REDAKSIE

SAMESTELLERS

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Juan du Toit, **skakel@ngkvs.co.za**

LUISTER-ARTIKELS

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

PROEFLESERS

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

voor 12:00 Dinsdae
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

NG KERK VRYSTAAT
Departement Kommunikasie en Bemarking
051 406 6700 (k) | **072 151 9799 (s)**
skakel@ngkvs.co.za

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2026 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG Kerk
Vrystaat

NG KERK VRYSTAAT | © 2026

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING